CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Nommer	Klousule	Rede vir wysiging	Voorgestelde wysiging
1	Nuwe klousule	Diensverskaffers betaal nie hulle personeel en subkontrakteurs nie. Klagtes ontvang van subkontrakteurs en personeel wat nie betaling van die Stad se kontrakteurs ontvang nie, hoewel die Stad die kontrakteurs betaal.	106.4 Waar subkontraktering van toepassing is, moet die Stad se diensverskaffer die subkontrakteur se fakture betaal. Die Stad volg self ’n streng betaalproses en verwag dat sy kontrakteurs dieselfde beginsels op hulle subkontrakteurs toepas. Waar klagtes oor negatiewe betaalpraktyke van subkontrakteurs ontvang word, kan die Stad ooreenkomstig klousule 106.2 optree omdat die Stad se reputasie in gedrang kan kom of kan skade ly. Hierdie subklousule plaas geen verpligting op die Stad om te sorg dat die kontrakteur ’n subkontrakteur se fakture betaal nie.

2	57.2.1 om gepas op te tree teen sodanige amptenaar of ander rolspeler, wat insluit om die persoon vir ’n tydperk van hoogstens vyf (5) jaar in die Stad se register van tender- en kontrakwanpresteerders te registreer, en op te tree soos wat regulasie 38(1)(d), (e), (f) en (g) van die regulasies oor voorsieningskanaalbestuur bepaal; en	Verlenging van die uitsluitingstydperk om sterker beheer uit te oefen in geval van misbruik van die voorsieningskanaalbestuurstelsel	57.2.1 om gepas op te tree teen sodanige amptenaar of ander rolspeler, wat insluit om die persoon vir ’n tydperk van hoogstens tien (10) jaar in die Stad se register van tender- en kontrakwanpresteerders te registreer, en op te tree soos wat regulasie 38(1)(d), (e), (f) en (g) van die regulasies oor voorsieningskanaalbestuur bepaal; en
3	58.6 om ’n persoon en enige van hulle verteenwoordigers (indien van toepassing) in die Stad se register van tender- en kontrakwanpresteerders te registreer as uitgesluit van die indiening van botte by, of die toekenning van enige kontrak deur, die Stad vir ’n tydperk van hoogstens vyf (5) jaar wat in die register aangedui word, waartydens die verbod ook van toepassing is op:	Verlenging van die uitsluitingstydperk om sterker beheer uit te oefen in geval van misbruik van die voorsieningskanaalbestuurstelsel	58.6 om ’n persoon en enige van hulle verteenwoordigers (indien van toepassing) in die Stad se register van tender- en kontrakwanpresteerders te registreer as uitgesluit van die indiening van botte by, of die toekenning van enige kontrak deur, die Stad vir ’n tydperk van hoogstens tien (10) jaar wat in die register aangedui word, waartydens die verbod ook van toepassing is op:
4	175. Die geldigheid van botte kan met hoogstens ses maande verleng word, onderworpe aan toestemming en administratiewe prosesse en met die goedkeuring van die gedelegeerde owerheid, tensy die vereiste verlenging die gevolg is van ’n appèlproses of hofbeslissing.	Hofbeslissing oor bodgeldigheid	176. Die geldigheid van botte kan met hoogstens ses maande verleng word, onderworpe aan administratiewe prosesse en met die goedkeuring van die gedelegeerde owerheid, tensy die vereiste verlenging die gevolg is van ’n appèlproses of hofbeslissing. In dié

			verband is die volgende van toepassing: 176.1 Die Stad moet die bieërs met responsiewe botte skriftelik kontak om hulle toestemming vir die verlenging van die geldigheidstydperk van hulle bod te versoek. Die Stad is nie verplig om bieërs vir toestemming te kontak indien hulle botte nie responsief is nie. 176.2 Bieërs wie se botte responsief is, kan die verlengde geldigheidstydperk hetsy aanvaar of weier. Diegene wat nie tot die verlenging van die geldigheidstydperk toestem nie, of versuim om teen die aangeduide datum in die Stad se korrespondensie hulle toestemming te verleen, sal as nieresponsief beskou word, en hulle botte sal van verdere assessering en evaluering uitgesluit word. Die verkrygingsproses sal dan slegs voortgaan met daardie bieërs wie se botte responsief is.
5	155. Bodversoeke word uitgereik deur die publikasie van ’n kennisgewing in die media en op enige elektroniese platform (soos die CIDB-webtuiste, die	Om te sorg dat bieërs boddokumente op amptelike platforms bekom en die	156. Wanneer hulle die boddokumente afhaal of bekom, moet tenderaars hulle mees

	Stad se webtuiste en die nasionale tesourie se e-tenderportaal) wat dalk van toepassing of gepas is.	tersaaklike kennisgewings van die Stad ontvang	onlangse e-posadres aan die Stad voorsien, en sorg dat die adres vir die volle duur van die tenderadvertensietydperk hulle amptelike e-posadres bly. Dít is nodig sodat die Stad gedurende die tenderadvertensietydperk kennisgewings aan die tenderaar kan stuur.
6	200. Enige kommunikasie wat die bodspesifikasiekomitee magtig en wat belangrike implikasies vir alle tenderaars inhou, moet in die vorm wees van ’n skriftelike kennisgewing wat die direkteur: voorsieningskanaalbestuur of sy/haar benoemde aan alle bieërs uitreik, hetsy per e-pos of geregistreerde pos, na gelang van wat gepas is. ’n Afskrif van die kennisgewing sal saam met ’n bevestiging van versending/posbewys vir rekorddoeleindes bewaar word. Waar dit moontlik is, behoort kennisgewings ten minste ’n week voor die bodsluitingsdatum uitgereik te word.	Appèlbeslissing oor 151S	201. Enige kommunikasie wat die bodspesifikasiekomitee magtig en wat belangrike implikasies vir alle tenderaars inhou, moet in die vorm wees van ’n skriftelike kennisgewing wat die direkteur: voorsieningskanaalbestuur of sy/haar benoemde wat voorsieningskanaalbestuur in die bodspesifikasiekomitee verteenwoordig aan alle bieërs uitreik. In dié verband is die volgende van toepassing: 201.1 Die kommunikasie sal per e-pos gestuur word. ’n Afskrif van die kennisgewing moet saam met ’n bevestiging van versending/posbewys vir rekorddoeleindes bewaar word. 201.2 Die Stad hoef gedurende die advertensietydperk slegs

			kennisgewings te stuur aan daardie tenderaars wat die boddokumente bekom het op die amptelike elektroniese platforms wat klousule 155 voorskryf, of by die Stad se tenderkantoor, of op die Stad se amptelike tenderportaal, of wat ’n inligtingsessie, indien enige, oor die betrokke verkrygingsproses bygewoon het. Tenderaars moes ook hulle huidige e-posadres deur middel van ten minste een van hierdie platforms of by die inligtingsessie verstrek het. Tenderaars wat versuim om aan hierdie subklousule te voldoen, is nie daarop geregtig om enige sodanige kennisgewings te ontvang nie, en die Stad het geen verpligting teenoor die tenderaar in hierdie verband nie. 201.3 Waar dit moontlik is, behoort kennisgewings ten minste ’n week voor die bodsluitingsdatum uitgereik te word.
7	238. Die bodevalueringskomitee kan, indien dit nodig is, magtiging verleen vir kommunikasie met bieërs voordat die tender toegeken word. Enige kommunikasie wat die bodevalueringskomitee magtig, moet in die vorm wees van ’n skriftelike versoek vir duidelikheid oor enige aangeleentheid wat die evaluering van die aanbod raak of wat	Stel duidelik dat die voorsieningskanaalbestuurpraktisyn die versoek vir duidelikheid uitreik	239. Die bodevalueringskomitee kan, indien dit nodig is, magtiging verleen vir kommunikasie met bieërs voordat die tender toegeken word. 239.1 Enige kommunikasie wat die bodevalueringskomitee magtig,

	dubbelsinnigheid in die daaropvolgende kontrak tot gevolg kan hê, maar wat nie bieërs se mededingendheid of die wesenlike inhoud van hulle aanbod verander nie, welke versoek die direkteur: voorsieningskanaalbestuur op enige gepaste manier skriftelik aan die tersaaklike bieërs moet uitreik. ’n Afskrif van die kennisgewing moet saam met ’n bevestiging van versending/posbewys vir rekorddoeleindes bewaar word.		moet in die vorm wees van ’n skriftelike versoek vir duidelikheid oor enige aangeleentheid wat die evaluering van die aanbod raak of wat dubbelsinnigheid in die daaropvolgende kontrak tot gevolg kan hê, maar wat nie bieërs se mededingendheid of die wesenlike inhoud van hulle aanbod verander of beïnvloed nie, welke versoek die direkteur: voorsieningskanaalbestuur of sy/haar benoemde verteenwoordiger van voorsieningskanaalbestuur op enige gepaste manier skriftelik aan die tersaaklike bieërs moet uitreik.
8	264. Ingeval ’n kontrak gedurende die uitvoering daarvan beëindig word, kan die bodbeoordelingskomitee oorweging skenk aan enige aanbevelings wat die bodevalueringskomitee in ’n daaropvolgende verslag doen oor die toekenning of nietoekenning van die kontrak aan (’n) ander responsiewe verskaffer(s).	Duidelikheid oor bodgeldigheid	265. Ingeval ’n kontrak gedurende die uitvoering daarvan beëindig word, kan die bodbeoordelingskomitee oorweging skenk aan enige aanbevelings wat die bodevalueringskomitee in ’n daaropvolgende verslag doen oor die toekenning of nietoekenning van die kontrak aan (’n) ander responsiewe verskaffer(s), mits die bod nog geldig is en die geldigheidstydperk daarvan nog nie verstryk het nie.

9	431. Die minimum kwalifiserende funksionaliteitstelling vir ’n tender om responsief te wees, moet afsonderlik vir elke tender bepaal word. Die norm vir die minimum kwalifiserende funksionaliteitstelling is 60% van die totale moontlike telling. Vir meer gespesialiseerde of komplekse tenders kan die minimum telling na die goeddunke van die bodspesifikasiekomitee tot soveel as 70% van die totale moontlike telling verhoog word. Die vasstelling van ’n minimum telling hoër as 70% van die totale moontlike telling moet gemotiveer word aan, en goedgekeur word deur, die direkteur: voorsieningskanaalbestuur voordat dit gebruik word, en mag nie onnodig beperkend wees nie.	Terugverwysing van items deur die bodbeoordelingskomitee, en daaropvolgende kansellasie	432. Die minimum kwalifiserende funksionaliteitstelling vir ’n tender om responsief te wees, moet afsonderlik vir elke tender bepaal word. Die minimum kwalifiserende funksionaliteitstelling moet ten minste 60% van die totale moontlike telling wees. Vir meer gespesialiseerde of komplekse tenders kan die minimum telling na die goeddunke van die bodspesifikasiekomitee tot soveel as 70% van die totale moontlike telling verhoog word. Die vasstelling van ’n minimum telling hoër as 70% van die totale moontlike telling moet gemotiveer word aan, en goedgekeur word deur, die direkteur: voorsieningskanaalbestuur voordat dit gebruik word, en mag nie onnodig beperkend wees nie.
10	178. Vir alle kontraktydperke wat twaalf (12) maande oorskry, sal kontrakprysaanpassing van toepassing wees. ’n Gepaste formule vir kontrakprysaanpassing moet in die boddokumente aangedui word. Die gedelegeerde owerheid kan in uitsonderlike en gemotiveerde omstandighede ’n formule vir kontrakprysaanpassing binne die eerste twaalf (12) maande van die kontraktydperk oorweeg,	Klousule lyk onvolledig met die komma aan die einde. Die publiek het opgemerk dat daar onduidelikheid bestaan oor of kontrakprysaanpassing slegs vanaf maand 13 toegelaat word.	179. Vir alle kontraktydperke wat twaalf (12) maande oorskry, sal kontrakprysaanpassing van toepassing wees. ’n Gepaste formule vir kontrakprysaanpassing moet in die boddokumente aangedui word. Die gedelegeerde owerheid kan in uitsonderlike en gemotiveerde omstandighede ’n formule vir kontrakprysaanpassing binne die

			eerste twaalf (12) maande van die kontraktydperk oorweeg.
11	Nuwe klousule	Versterk beskerming teen reputasierisiko én beskerming vir personeel	106.3 Die Stad behou die reg om nie ’n verskaffer te registreer of ’n finale toekenning te maak nie, of om ’n finale toekenning wat reeds gemaak is te herroep of ’n kontrak te kanselleer, indien ’n tenderaar wat aan ’n verkrygingsproses deelneem, of enigeen namens of in opdrag van sodanige tenderaar, ’n Stadsamptenaar of individue onder ’n verskaffer se beheer hetsy dreig of fisies beseer op enige manier wat die billikheid, deursigtigheid of mededingendheid van die verkrygingsproses ondermyn of kan ondermyn, of die integriteit van die proses op ’n ander manier skaad.
12	297. Alle bestellings, buiten vir goedere ingevolge klousule 296, moet voltooi word voordat die tydperk van die raamwerkooreenkoms verstryk, tensy goedkeuring op grond van gemotiveerde omstandighede van die direkteur: voorsieningskanaalbestuur bekom is.	Insluiting van regsdienste	298. Alle bestellings, buiten vir goedere ingevolge klousule 297 en die verkryging van regsdienste, moet voltooi word voordat die tydperk van die raamwerkooreenkoms verstryk, tensy goedkeuring op grond van gemotiveerde omstandighede van die direkteur: voorsieningskanaalbestuur bekom is.
13	106.2.2 ’n verbintenis met bekende berugte individue en familie van berugte individue;	Versterk beskerming teen reputasierisiko	106.2.2 ’n verbintenis met bekende berugte individue en familie van

			berugte individue, wat insluit enige individu wat van kriminele aktiwiteit aangekla is of word;
14	Gebruik van transversale kontrakte 298. Die Stadsbestuurder kan op aanvraag goedkeuring verleen vir die gebruik van bestaande transversale kontrakte/raamwerkooreenkomste deur ander departemente ooreenkomstig die Stad se prosedures.	Hierdie klousule is bedoel om leiding te bied ingeval ander staatsorgane om goedkeuring aansoek doen vir die gebruik van kontrakte wat die Stad ingevolge regulasie 32 van die regulasies oor voorsieningskanaalbestuur bekom het.	Gebruik van transversale kontrakte 299. Die Stadsbestuurder of ’n gedelegeerde owerheid kan op aanvraag goedkeuring verleen vir die gebruik van bestaande transversale kontrakte/raamwerkooreenkomste deur ander Stadsdepartemente ooreenkomstig die Stad se prosedures, met dien verstande dat die goedkeuring nié vereis word waar die transversale kontrak/raamwerkooreenkoms spesifiek bepaal dat dit vir transversale gebruik bedoel is nie, in welke geval die kontrakeienaar/-bestuurder die transversale gebruik goedkeur onderworpe aan enige direktief wat die Stadsbestuurder uitreik.
15	178. Vir alle kontraktydperke wat twaalf (12) maande oorskry, sal kontrakprysaanpassing van toepassing wees. ’n Gepaste formule vir kontrakprysaanpassing moet in die boddokumente aangedui word. Die gedelegeerde owerheid kan in uitsonderlike en gemotiveerde omstandighede ’n formule vir kontrakprysaanpassing binne die eerste twaalf (12) maande van die kontraktydperk oorweeg,	Om dit uitdruklik te stel dat die Stadsbestuurder die bevoegdheid delegeer, en dat delegasie en subdelegasie na die Stadsbestuurder se goeddunke kan geskied.	179. Vir alle kontraktydperke wat twaalf (12) maande oorskry, sal kontrakprysaanpassing van toepassing wees. ’n Gepaste formule vir kontrakprysaanpassing moet in die boddokumente aangedui word. Die Stadsbestuurder, sy/haar gedelegeerde of daardie persoon se

			subgedelegeerde, waar van toepassing, kan in uitsonderlike en gemotiveerde omstandighede ’n formule vir kontrakprysaanpassing binne die eerste twaalf (12) maande van die kontraktydperk oorweeg.
16	179. Indien ’n kontrak buite die aanvanklike tendergeldigheidstydperk toegeken word en kontrakuitvoering dus eers later as twaalf (12) maande na die verstryking van die aanvanklike tendergeldigheidstydperk voltooi sal word, kan die kontrak vir sodanige tydperk ná die twaalf (12) maande aan kontrakprysaanpassing onderworpe wees. ’n Gepaste formule vir kontrakprysaanpassing sal deur die gedelegeerde owerheid bepaal word indien dit nie by die boddokumente ingesluit was nie. Hierdie bepaling is ook van toepassing op enige sodanige kontrakverlenging van raamwerkooreenkomstenders en omvat die volle tydperk van die kontrakverlenging ná die oorspronklike kontraktydperk.		180. Indien ’n kontrak buite die aanvanklike tendergeldigheidstydperk toegeken word en kontrakuitvoering dus eers later as twaalf (12) maande na die verstryking van die aanvanklike tendergeldigheidstydperk voltooi sal word, kan die kontrak vir sodanige tydperk ná die twaalf (12) maande aan kontrakprysaanpassing onderworpe wees. ’n Gepaste formule vir kontrakprysaanpassing sal deur die Stadsbestuurder of sy/haar gedelegeerde of daardie persoon se subgedelegeerde, waar van toepassing, bepaal word indien dit nie by die boddokumente ingesluit was nie. Hierdie bepaling is ook van toepassing op enige sodanige kontrakverlenging van raamwerkooreenkomstenders en omvat die volle tydperk van die kontrakverlenging ná die oorspronklike kontraktydperk.

17	180. Indien enige uitstel verleen word en kontrakuitvoering dus eers later as twaalf (12) maande na die verstryking van die aanvanklike tendergeldigheidstydperk voltooi sal word, kan kontrakprysaanpassing vir sodanige tydperk ná die twaalf (12) maande van toepassing wees. 'n Gepaste formule vir kontrakprysaanpassing sal deur die gedelegeerde owerheid bepaal word indien dit nie by die boddokumente ingesluit was nie. Hierdie bepaling is ook van toepassing op enige sodanige kontrakverlenging van raamwerkooreenkomstenders en omvat die volle tydperk van die kontrakverlenging ná die oorspronklike kontraktydperk.		181. Indien enige uitstel verleen word en kontrakuitvoering dus eers later as twaalf (12) maande na die verstryking van die aanvanklike tendergeldigheidstydperk voltooi sal word, kan kontrakprysaanpassing vir sodanige tydperk ná die twaalf (12) maande van toepassing wees. 'n Gepaste formule vir kontrakprysaanpassing sal deur die Stadsbestuurder of sy/haar gedelegeerde of daardie persoon se subgedelegeerde, waar van toepassing, bepaal word indien dit nie by die boddokumente ingesluit was nie. Hierdie bepaling is ook van toepassing op enige sodanige kontrakverlenging van raamwerkooreenkomstenders en omvat die volle tydperk van die kontrakverlenging ná die oorspronklike kontraktydperk.
18	307. Indien dit nie moontlik is om ten minste drie skriftelike kwotasies te bekom nie, moet die redes daarvoor opgeteken en deur die bestuurder: verkryging goedgekeur word, wat binne drie dae ná die einde van die maand aan die hoof- finansiële beampte moet verslag doen oor enige sodanige goedkeurings wat gedurende daardie maand verleen is.		308. Indien dit nie moontlik is om ten minste drie skriftelike kwotasies te bekom nie, moet die redes daarvoor opgeteken en deur die Stadsbestuurder, sy/haar gedelegeerde of daardie persoon se subgedelegeerde, waar van toepassing, goedgekeur word, wat binne drie dae ná die einde van die maand aan die hoof- finansiële

			beampte moet verslag doen oor enige sodanige goedkeurings wat gedurende daardie maand verleen is.
19	Waarborge vir behoorlike prestasie 383. Prestasiewaarborge vir die verkryging van goedere en dienste (waaronder konsultantdienste) word nie gewoonlik vereis nie, maar kan in uitsonderlike omstandighede versoek word. Waar ’n waarborg vereis word, word die waarde daarvan in oorleg met die gedelegeerde owerheid bepaal.		Waarborge vir behoorlike prestasie 384. Prestasiewaarborge vir die verkryging van goedere en dienste (waaronder konsultantdienste) word nie gewoonlik vereis nie, maar kan in uitsonderlike omstandighede versoek word. Waar ’n waarborg vereis word, word die waarde daarvan in oorleg met die Stadsbestuurder, sy/haar gedelegeerde of daardie persoon se subgedelegeerde, waar van toepassing, bepaal.
20	385. Die waarde van ’n vereiste prestasiewaarborg kan aangepas word met die goedkeuring van die gedelegeerde owerheid.		386. Die waarde van ’n vereiste prestasiewaarborg kan aangepas word met die goedkeuring van die Stadsbestuurder, sy/haar gedelegeerde of daardie persoon se subgedelegeerde, waar van toepassing.
21	386. ’n Bedrag gelykstaande aan die vereiste prestasiewaarborg kan (rentevry) in kontant voorsien word ooreenkomstig die prosesse wat die gedelegeerde owerheid van tyd tot tyd voorskryf.		387. ’n Bedrag gelykstaande aan die vereiste prestasiewaarborg kan (rentevry) in kontant voorsien word ooreenkomstig die prosesse wat die Stadsbestuurder, sy/haar gedelegeerde of daardie persoon

			se subgedelegeerde van tyd tot tyd voorskryf, waar van toepassing.
22	Vooruitbetalingswaarborge 387. Waar dit geregverdig is volgens reëls wat die gedelegeerde owerheid van tyd tot tyd vasstel, kan vooruitbetalings ten opsigte van spesifieke materiale of dienste aan ’n verskaffer gemaak word slegs nadat die verskaffer ’n aanvaarbare vooruitbetalingswaarborg aan die Stad voorsien het. Geen sodanige vooruitbetalingswaarborg mag aanvaar word tensy die outentisiteit daarvan deur die Stad se tesouriedepartement bevestig is nie.		Vooruitbetalingswaarborge 388. Waar dit geregverdig is volgens reëls wat die Stadsbestuurder, sy/haar gedelegeerde of daardie persoon se subgedelegeerde, waar van toepassing, van tyd tot tyd vasstel, kan vooruitbetalings ten opsigte van spesifieke materiale of dienste aan ’n verskaffer gemaak word slegs nadat die verskaffer ’n aanvaarbare vooruitbetalingswaarborg aan die Stad voorsien het. Geen sodanige vooruitbetalingswaarborg mag aanvaar word tensy die outentisiteit daarvan deur die Stad se tesouriedepartement bevestig is nie.
23	Retensie 389. Retensie ten opsigte van die verkryging van goedere en dienste (waaronder konsultantdienste) word nie gewoonlik toegepas nie, maar kan van toepassing wees waar dit nodig is. Indien dit vereis word, word die retensiewaarde in oorleg met die gedelegeerde owerheid bepaal.		Retensie 390. Retensie ten opsigte van die verkryging van goedere en dienste (waaronder konsultantdienste) word nie gewoonlik toegepas nie, maar kan van toepassing wees waar dit nodig is. Indien dit vereis word, word die retensiewaarde in

			oorleg met die Stadsbestuurder, sy/haar gedelegeerde of daardie persoon se subgedelegeerde, waar van toepassing, bepaal.
24	391. Die retensiewaarde wat ten opsigte van konstruksiewerk afgetrek sal word, kan aangepas word met die goedkeuring van die gedelegeerde owerheid.		392. Die retensiewaarde wat ten opsigte van konstruksiewerk afgetrek sal word, kan aangepas word met die goedkeuring van die Stadsbestuurder, sy/haar gedelegeerde of daardie persoon se subgedelegeerde, waar van toepassing.
25	393. Finansiële waarborge in plaas van retensie is nie gewoonlik aanvaarbaar nie. Enige motivering vir die aanvaarding van ’n retensiewaarborg moet deur die gedelegeerde owerheid goedgekeur word.		394. Finansiële waarborge in plaas van retensie is nie gewoonlik aanvaarbaar nie. Enige motivering vir die aanvaarding van ’n retensiewaarborg moet deur die Stadsbestuurder, sy/haar gedelegeerde of daardie persoon se subgedelegeerde, waar van toepassing, goedgekeur word.
26	Kontrakbestuur 402.7 die prosedures vir kontrakaanpassing of -wysiging bestuur ooreenkomstig die jongste direktief in daardie verband wat deur die Stadsbestuurder uitgereik en deur die toepaslike gedelegeerde owerheid goedgekeur is;		Kontrakbestuur 403.7 die prosedures vir kontrakaanpassing of -wysiging bestuur ooreenkomstig die jongste direktief in daardie verband wat deur die Stadsbestuurder uitgereik en deur die toepaslike

			Stadsgedelegeerde of daardie persoon se subgedelegeerde goedgekeur is, waar van toepassing;
27	Oorweging en aanvaarding van kwotasies 318. Alle bestellings na aanleiding van formele skriftelike pryskwotasies moet deur die Stadsbestuurder of ’n gedelegeerde owerheid goedgekeur en uitgereik word.		Oorweging en aanvaarding van kwotasies 319. Alle bestellings na aanleiding van formele skriftelike pryskwotasies moet deur die Stadsbestuurder, sy/haar gedelegeerde of daardie persoon se subgedelegeerde, waar van toepassing, goedgekeur en uitgereik word.
28	117. Bodspesifikasies moet deur die Stadsbestuurder of ’n gedelegeerde owerheid goedgekeur word voordat die versoek vir botte gepubliseer word.		117. Bodspesifikasies moet deur die Stadsbestuurder, sy/haar gedelegeerde of daardie persoon se subgedelegeerde, waar van toepassing, goedgekeur word voordat die versoek vir botte gepubliseer word.
29	122. Die Stadsbestuurder of ’n gedelegeerde owerheid moet die lede van die bodspesifikasiekomitees aanwys met inagneming van artikel 117 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur.		122. Die Stadsbestuurder, sy/haar gedelegeerde of daardie persoon se subgedelegeerde, waar van toepassing, moet die lede van die bodspesifikasiekomitees aanwys met inagneming van artikel 117 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur.

30	233. Die Stadsbestuurder of ’n gedelegeerde owerheid moet die lede van die bodevalueringskomitees aanwys met inagneming van artikel 117 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur.		234. Die Stadsbestuurder, sy/haar gedelegeerde of daardie persoon se subgedelegeerde, waar van toepassing, moet die lede van die bodevalueringskomitees aanwys met inagneming van artikel 117 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur.
31	262. Die bodbeoordelingskomitee kan ’n toekenning aan (’n) voorkeurbieër(s) maak nadat die Stadsbestuurder of ’n gedelegeerde verteenwoordiger suksesvol met die voorkeurbieër(s) onderhandel het ooreenkomstig klousule 278 van hierdie beleid.		263. Die bodbeoordelingskomitee kan ’n toekenning aan (’n) voorkeurbieër(s) maak nadat die Stadsbestuurder, sy/haar gedelegeerde of daardie persoon se subgedelegeerde, waar van toepassing, suksesvol met die voorkeurbieër(s) onderhandel het ooreenkomstig klousule 279 van hierdie beleid.